Respek vir die Here

Teks: Galasiërs 6: 1 - 10
Teksvers: Galasiërs 6: 7

1. Inleiding

“God laat Hom nie bespot nie” of miskien ander gestel, met respek gesê God is nie ons speelmaat nie. Natuurlik is dit ten diepste ons almal hier se belydenis. Ons weet dat God die almagtige skepper en onderhouer van die heelal is. Ons weet dat Hy absoluut in elke opsig totaal en al heilig is en so aanbid moet word deur ons.

Maar die mense in die Gemeente in Galasiërs het dit tog immers ook geweet. Waarom sou dit dan nodig wees dat Paulus hierdie skerp woorde van ons teksvers aan hulle skryf. En gewigtig is hierdie woorde wel. Wanneer ons die grondteks bestudeer is hierdie die enigste plek in die nuwe testament waar hierdie spesifieke woord, en derhalwe frase gebruik word. Met ander woorde dit is nie weer elders in Nuwe Testament nodig om hierdie sterk uitdrukking te maak.

Maar as ons by die grondteks en betekenis van die woord bespot bly, dan sien ons die volgende. Hierdie woord is van die woord vir neus afgelei. En daarom trek die betekenis saam in die optrek van jou neus vir iemand. Dit is ’n uitdrukking wat vandag nog deel van ons Afrikaanse taal is. En ons weet alte goed dat wanneer ek my neus optrek vir iets of iemand, beteken dit dat ek daardie voorwerp of persoon eerder wil vermy.

Dit is dan juis hier waar ons teksvers duidelik sê dat God dit nie sal toelaat nie. Hy sal eenvoudig nie die mens toelaat om die neus vir Hom op te trek nie. Maar voor ons nou onsself so maklik verontskuldig, kom ons gaan kyk prakties wat Paulus bedoel het met hierdie stelling. Want die praktiese uitleef van hierdie saak is vandag nog baie dieselfde as in die tyd van die Galasiërs.

2. Gee eerder as kompeteer

Ons teksgedeelte begin duidelik by so ’n neusoptrek situasie. Iemand, en spesifiek tot ons teksgedeelte ’n broer of suster in die gemeenskap van die gelowiges val in die sonde. En wat doen die res van die gemeenskap van die gelowiges. Ons kan sê hulle probeer eerder die situasie vermy, hulle probeer nie betrokke raak nie. Want daar is natuurlik een van twee dinge wat gaan gebeur as ek betrokke raak.

Die eerste is die gevaar om oor gevang te word deur hierdie sonde. Die gevaar om saam weggelei te word na die kring van die spotters. Ons teksgedeelte is immers ook baie duidelik oor hierdie gevaar in vers1: “En pas op: jy kan self ook in versoeking kom”. Maar tog is die opdrag in ons teksgedeelte uiteindelik nie vlug weg van die sonde nie.

En dit is juis wanneer ons bly dat die volgende saak na vore tree: Kompetisie. Die trotse oorgesonde selfbeeld: “[3]As iemand hom verbeel hy is iets en hy is niks, bedrieg hy homself”. Ons weet hierdie probleem-selfbeeld word gevoed deur te kompeteer, maar veral te kompeteer met swakker mense. En dit is hier waar die val in die sonde gulde geleenthede skep om neusoptrekkerig neer te kyk op my broer en suster in die geloof. Om eintlik nog die min waaroor hulle beskik ook vir myself in te palm.

Maar dit is nog nie tweede ding wat gebeur wanneer ek by my broer of suster wat in die sonde geval het betrokke raak nie. Die tweede saak is onkoste. Wat gaan dit uiteindelik vir my kos om my broer of suster te help om ook hulle las te dra. Hoeveel gaan dit my terugsit in die lewe. Want die sonde gaan altyd ’n prys hê. Trouens die prys van die sonde is uiteindelik die lewe van ons enigste Verlosser, ons Here Jesus Christus aan die kruis.

Daarom is die eerste vraag aan ons vandag is ons bereid om eerder te gee as te kompeteer.

3. Die misleiding van manipulasie

Die volgende saak is dit waarmee ons teksvers ook begin. Ons teksvers, vers 7 is negatief. Dit begin ook negatief dit begin met die woord mislei. Letterlik om weg van die waarheid gelei te word. En daarom tref ons gewoonlik hierdie woord aan wanneer ons met dwaalleer te doen het. Die dwaalleer wat beskryf is die volgende.

Ons het gesien dat die spot gedagte, met die neusoptrek gebruik te doen het. Daarom is dit

’n duidelike aksie in ons teksvers. Maar soos ons ook reeds gesien het, behels neusoptrek ook iets van neerkyk op ’n swakker persoon. Of dan ten minste die persepsie van my kant af, in hierdie gebruik. En dit dan hier waar dinge baie boos raak. Wat dit is nie God wat spot nie, nee in ons teksvers is dit die mens wat spot. Dit is so Godslasterlik soos wat dit klink. ’n Sondige sterfling mens wat op die Skepper en onderhouer van die heelal neerkyk.

Maar die misleiding of dwaling gaan verder. Die mens dink dat hulle ook uiteindelik vir God kan mislei en manipuleer. Ons dink dat die Here eenvoudig vir ons swak verskonings om uit geestelike betrokkenheid te kom sal val. Ons vergeet dat die Here almagtig is en alles weet. Dat ons verskonings nie sal stand hou voor Hom nie. Ons hemelse Vader laat nie hierdie ontheiliging van Sy Naam toe nie. Hy straf die persone wat spot met Hom.

Hierdie saak bring elkeen van ons tot diepe selfondersoek. Tog is alles nie verlore nie, want ons genadige Vader stuur Sy enigebore Seun om ook ons straf in hierdie opsig te kom dra. Verder kom werk die Heilige Gees ook onverdiend die geloof in ons wat ons koppel aan hierdie verlossing in die Verlosser. Daar is ’n pad van waarheid uit hierdie doolhof van manupilasie. Hy is die weg, die waarheid en die lewe, Hy is ons Here Jesus Christus.

4. Inspanning op die geestelike akker

Maar hierdie teksgedeelte word duidelik aan die kerk na die kruisiging, opstanding en hemelvaart van Christus geskryf. Die nuwe testamentiese kerk in die bedeling waarin ons steeds vandag leef. Die nuwe Testamentiese kerk waarop die Heilige Gees reeds uitgestort is. Want ten diepste is dit ook die boodskap wat vandag vir ons geopenbaar word in hierdie teksgedeelte. Dit gaan oor die werking van die Heilige Gees binne ons.

Die Heilige Gees sal ons altyd lei om op die geestelike akker in ons lewens te saai. Om die Verlossing in ons Here Jesus Christus aan te gryp. En alhoewel dit passief moet ons gebeur. Met ander woorde sonder enige werk van ons kant af, kan ons nie die oproep tot die aksie van saai miskyk nie. Dit werk soos volg, ons was geestelik dood, en daarom kon ons niks geestelik doen nie. Maar deur die wedergeboorte in Christus is ons lewend gemaak. Nou kan ons Geestelik iets doen.

Ons kan op die Geestelike akker saai. En dit is waarheen die Heilige Gees ons gereeld oproep. Geestelike dinge, soos die eer en verheerlik van die Here, beide in eredienste en ander geleentehede. Geestelike dinge soos die dien van my broers en susters in die geloof, met my seëninge en gawes. Wanner ons op die Geestelike akker saai, sal die God ook die saad laat ontkiem en groei. Maar die teendeel is natuurlik ook waar. Wanneer ons eerder voortdurend op dien akker van ons sondige natuur saai, sal dit ook groei en vir ons die vrugte van die sonde dra.

Vir die saai op die Geestelike akker, met ander woorde die gehoorsame uitvoering van dit wat die Heilige Gees in ons werk, kan ons maklik verskonings kry. En miskien kan ons selfs ons broers en susters in die geloof manipuleer en oortuig met hierdie verskonings. Maar God laat Hom nie bespot nie, is ons steeds bereid om daardie kans te vat?

5. Slot

Ons kan laastens afsluit met ’n opsomming van die oproep in ons teksgedeelte. Ons word opgeroep om mekaar se laaste te help dra. Die Heilige Gees werk ook hierdie oortuiging in ons. Ons kan wegstap met een of ander verskoning, maar die God laat nie met Hom spot nie. So ons moet seker wees dat ons verskoning nie maar bloot manipulasie van die sitausie is nie.
Prakties sien ons dit vanoggend uit ons gemeente vergardering wat die diens vooraf gegaan het. Ons het bewus geword ’n las wat gedra word. Hoe antwoord ons op hierdie bewuswording? Raak ons nog dieper betrokke op die Geestelik akker? Christus roep ons op om skatte in die hemel te versamel waar mot en roes dit nie kan verniel nie, en waar diewe nie kan inbreuk en dit steel nie.

Voor ons nou arms gevou dink dit gaan net oor finansies, waaroor meeste van ons in elk geval nie beskik, moet ons weer kyk. Die dien van mekaar in die gemeenskap van gelowiges is soveel meer. Daar is soveel unieke gawes en seëninge waarmee die Here ons elkeen geseën het. Ons is ongelukkig al so deur die wêreld gemanipuleer dat ons dink ons moet hierdie seëninge en gawes voortdurend in kompetisie met mekaar gebruik. Maar dit is juis in teenstelling hiermee dat ons teksgedeelte ons vandag leer dat ons hierdie seëninge en gawes eerder moet aanwend om mekaar se laaste te dra.

Die Here het nog nie die deure van die Gereformeerde Kerk Phalaborwa kom toemaak nie, [10]Laat ons dan, terwyl ons nog die geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.

Amen